

26 Julie

**Skrifgedeelte: Psalms 46
Fokusgedeelte: Psalms 49:16,21**

Is jy gereed vir die dood?

Psalm 49 laat ons regop sit en luister. Dis 'n stukkies wyse advies. Dis eenvoudige lewenskennis wat tog van diepe insig getuig. Alle mense gaan sterwe, almal wat nie meer lewe wanneer Christus weer kom nie. Die dood is 'n werklikheid. Ons lewe nie vir altyd hier op aarde nie.

As 'n mens jonk is dink jy mos nie juis aan jou dood nie. Dit voel asof jy maar altyd hier op aarde sal wees. Soos mense ouer word, besef hulle ook al meer die werklikheid van die dood. Jou dood kan plotseling aanbreek deur 'n hartaanval, 'n beroerte of in 'n motorongeluk. Of jy kan jou dood van ver sien naderkom deur 'n ongeneeslike siekte.

Is jy gereed vir jou dood, ook as dit vandag sou plaasvind? Dis die vraag waaroor Psalm 49 ons elkeen baie diep laat nadink. Maar wie is eintlik gereed vir die dood? Net hy wat Jesus Christus as die ware Verlosser werklik ken vanuit 'n hart vol liefde en vertrou. Net hy wat gelowig aan Jesus vashou as die Enigste wat met sy eie liggaam en bloed jou vrykoop het uit jou sondedood.

Al die rykdom van die wêreld kan jou nie loskoop van die dood nie. Net Jesus Christus kan, Hy wat sy lewe afgelê het vir sy skape. Vertrou net op Hom. Leef intiem en naby Hom. Dan het jy ware wysheid gevind en kan jy saam met Paulus uitroep: "... om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins" (Fil 1:21). En verder: "As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here" (Rom 14:8). Dis mos werklike rykdom! Dis rykdom wat nooit vergaan nie: lewe met God in ewigheid!

Sing: Skrifberyming 24:7

Ds L du P van der Vyver (Roodepoort)